## Wat is arbitrasie?

Arbitrasie beteken dat die twee kante (of geskil partye) ooreenkom om ‘n buiteparty te gebruik om ‘n geskil te besleg. ‘n Buiteparty is iemand wie nie enige belang het by die werkgewer of vakbond nie. Die arbiter bereg die geskil.

Ooreenkomstig WAV, is die arbiter ‘n kommissaris van die KMKA of Bedingingsraad.. Na die aanhoor van die betoë van beide die partye, kan die kommissaris ‘n bevinding maak wat regtens bindend is en aanvaar moet word deur beide partye.

Indien die kommissaris beslis dat die werkgewer gefouteer het, mag die kommissaris die werkgewer beveel om sekere stappe te neem of om vergoeding te betaal.

Werknemers mag slegs verteenwoordig word deur ‘n medewerker, ‘n prokureur waar die saak nie met wangedrag of onbekwaamheid te make het nie, vakbondbeampte of vakbond kantoor gesant. Werkgewers mag slegs verteenwoordig word deur ‘n prokureur waar die saak nie ‘n wangedrag of onbekwaamheid ontslag is nie, ‘n werknemer van die besigheid, of ‘n verteenwoordiger van ‘n werkgewersorganisasie.

In sake wat oor ontslag weens onbekwaamheid handel, word prokureurs nie toegelaat nie tensy die kommissaris pertinent daartoe toestem.

Regshulp sal slegs toegestaan word aan ‘n werknemer in sake waar die WAV prokureurs toelaat om teenwoordig te wees, en sake waarin die kommissaris pertinent prokureurs toelaat.